STELLENBERG GEMEENTE

# STELLENBERGER

Augustus 2021

## Stellenberg-gemeente vier 50 jaar!

1971 2021




## Om te onthou . . .


Deur: Ds. Callie Visagie

Wanneer 'n mens terugkyk oor jare heen, help dit ook om vorentoe te kyk. Elie Wiesel, 'n Auschwitz-oorlewende, skryf in sy memoires hieroor: Lees meer . . .

# 1971 – die begin van 'n nuwe storie . . .

Toe Stellenberg-gemeente op 2 Augustus1971 van Durbanville-gemeente afgestig het, het die gemeente soos die gebruik is, 'n bruidskat van R20 000 en twee aangrensende erwe langs Mountain Viewrylaan, tussen Nassau- en Raphaelsingel, ontvang. Lees meer . . .






## Junie 1986 – die kleinsaal kom by


Die bouwerk aan die kleinsaal het in Junie 1986 begin.  Die plan was om 'n bykomende saalgedeelte wat 400 mense kon akkommodeer by te voeg, asook 16 kategeselokale en nog 'n kombuis, waar tee en koffie bedien sou word.  Die jeuglokaal soos ons dit nou ken, asook die bovertrek, is ook tydens die bouprojek tot die saalkompleks bygevoeg.

**'n Bykomende saal vir ons gemeentesentrum**




## 1999 – selfoontegnologie tref die kerktoring

In 1999 het selfone deel van ons alledaagse leefwêreld geword en die kerktoring is ingespan om senders te huisves.  Dit dien al oor jare heen as 'n vaste, deurlopende inkomste vir die gemeente.



## April 2001 – Die gemeente kry 'n amptelike logo

Onder leiding van die bekwame kommunikasiekommissie bestaande uit lede soos Herman Engelbrecht, Koos Lamont en Sanet Hattingh, is die gemeente se logo in 2001 ontwerp en onmiddellik op alle amptelike kommunikasie in gebruik geneem. Lees meer . . .

# 2004 – die kafeteria word ingerig

Stellenbergers het oor die jare heen altyd ’n behoefte gehad om bymekaar te kom en saam te kuier. Daarmee in gedagte, is die area langs die grootsaal se kombuis in 2004 in 'n kafeteriaruimte omskep.  Die dekor en die kaggel wat geïnstalleer is, het 'n lekker knus ruimte geskep waar lidmate na kerk saam kon tee en koffie geniet.





# 2015 – die markplein skep ’n kuierruimte





Die eertydse rooiplein, die geplaveide area voor die saalkompleks, is in 2015 in 'n ruim kuiervertrek omskep, met glasskuifdeure wat kan oopmaak om 'n gesellige ruimte vir gemeentebyeenkomste, waar daar binne en buite gekuier kan word, te wees. Lees meer . . .



# 2021 – na 50 jaar vier Stellenberg ’n goue jubileum

Gemeenteleraars deel hulle persoonlike belewenisse van die gemeente.

Eerste aan die woord is Philipp Dietmann, tentmakerleraar van die gemeente.    Lees meer . . .


---


# Oudleraars aan die woord  . . .











**Daniël Louw (1976 – 1978)**

Vir altemit!

Vir my was dit 'n geweldige verandering vanaf Wynberg-gemeente met die uitermatige kompleksiteit van ministers in Bishopscourt aan die een kant tot padwerkers in Philippikamp op die Kaapse vlakte, na Stellenberg met 'n redelik homogene groep meestal jongmense. Ek was maar 32 jaar oud en as ek reg onthou, was die gemiddelde ouderdom van lidmate in daardie stadium so 33, 34 jaar. Een Sondag moes ek 19 kinders doop. Ek het elke ouerpaar afsonderlik drie keer gaan besoek om vir die doop voor te berei! Lees meer . . .

---

# Stellenbergers bly oor die jare heen aktief











Lees meer . . .

# ’n Leeftyd se soet en sout saam met Stellenberg-gemeente





Rita Steyn, wat reeds in 1970 by die gemeente se administrasie betrokke geraak het, se voorwaardes vir die gesprek met Stellenberger was baie duidelik.  Eerstens, geen foto’s nie – sy wil nie vir ’n foto poseer nie en daarom neem ons liewer ’n foto van haar meer as 100 vrolike tuinkabouters, wat sy ter wille van haar kleinkinders versamel het.   Lees meer . . .

# Duan en Dirmü Gouws – nie gebore nie, maar getoë in Stellenberg-gemeente





Dirmü en Duan Gouws het beide in Stellenberg-gemeente grootgeword en is onderskeidelik sedert 1971 en 1976 feitlik ononderbroke lidmate van die gemeente. Hulle het dus die 50-jaar-mylpaal stap vir stap saam met die gemeente beleef. Lees meer . . .

---

## Stellenberg-kosprojek troef die tyd

Die Stellenberg-kosprojek het in April 1987 amptelik weggespring, volgens verslaggewing deur die Stellenberger. Lees meer . . .








---

## Geldsake verander baie en tog min oor 50 jaar heen

Oor die afgelope 50 jaar is daar werklik net een woord wat Stellenberg-gemeente se finansies kan omskryf en dit is volkome dankbaarheid.
Lees meer . . .




---

## Staaltjies en Snippers



In 1986  is die volgende menings oor vroue in die amp as diaken en ouderling in die gemeentekoerant geopper:

" ’n Diakones is nog goed, maar 'n ouderling of predikant moet 'n man wees.  Net soos in die huisgesin moet die man die leiersfiguur wees," reken die vrou van ’n dienende diaken. Lees meer . . .

| | |
|---|---|
| h.v. Edelweissweg en Mountain Viewrylaan \| Eversdal, Wes-Kaap 7550 ZA | www.stellenberg.co.za |

**Share this email:**

**Manage** your preferences | **Opt out** using **TrueRemove**™
Got this as a forward? **Sign up** to receive our future emails.
View this email **online**.

h.v. Edelweissweg en Mountain Viewrylaan
Eversdal, Wes-Kaap | 7550 ZA

This email was sent to .
*To continue receiving our emails, add us to your address book.*

Subscribe to our email list.